

Skrifgedeelte: Jona 1:17 – 2:10

Fokusgedeelte: Jona 1:17 – 2:10

Die groot wonder van die Here se genade vir 'n sondaar

Wat is die groot wonder van die boek Jona? Baie sal antwoord: die groot vis het Jona in die stormsee ingesluk en weer op die vasteland uitgespoeg. Dit is egter nie die groot wonder nie.

Eerder as om God se opdrag uit te voer om sy boodskap aan die heidenstad Nineve oor te dra, het Jona gevlug. Sy vlug was *weg van die Here af* (1:3). Die heidense matrose het hom gevra hoe hulle die storm kon oorleef. Sy raad was dat hulle hom in die see moes gooi (1:12). Hy wou steeds weg van die Here af – die dood in.

Die Here wat die storm op die see bewerk het, beskik toe dat 'n groot vis Jona insluk (1:17). Die drie dae en drie nagte in die vis se maag het Jona verander. Met niemand anders beskikbaar nie, het hy met die Here gepraat. Hy het vry uit verskillende Psalms aangehaal. Twee temas het mekaar om die beurt in sy gebed afgewissel: nood en verlossing. Jona se slotwoorde was dat die Here redding bring (2:9). Die Here het toe die vis beveel om Jona op land uit te spoeg (2:10).

Die groot wonder van die verhaal van Jona is: *God het in genade nooit toegelaat dat Jona van Hom af kon wegkom nie*. Die stormsee, vis en selfs die heidene was instrumente in sy hand om Jona tot bekering te lei. Uit Jona se geskiedenis weet ons: verlossing is seker. In en deur sy Seun verlos Hy ons uit die diepte van ons sonde.

Dit is die boodskap wat ons onder leiding van die Heilige Gees in die geloof toeëien. Ons is soos Jona geroep om hierdie boodskap uit te dra aan mense wat die Here nog nie ken en dien nie (Matt. 28:19, 20).

Sing: Lied 190:1, 2 / Psalm 38-1:1

Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)